

Uitstalling 4 - 15 September

Louis Steyn

'n Uitstalling van batikwerk word op Dinsdag, 4 September, om 8.00 nm. in die Hoofgalery deur mnr. Paul Naude geopen.

Daar sal 'n spesiale voorbesigtiging vir kopers wees op Maandag, 3 September, vanaf 5.00 nm tot 7.00 nm.

Die vader van batikwerk in Suid-Afrika - so kan Louis Steyn van Pretoria inderdaad genoem word. Hy was een van die eerste beoefenaars van hierdie ou Javanees kuns in die Republiek en is een van die land se voorste batikunstenaars. Sedert hy 'n aantal jare gelede sy eerste werke in dié medium voltooi het, het verskeie ander kunstenaars hulle ook op die gebied begee.

Batikwerk - die woord beteken letterlik 'skilder met was' is reeds meer as 2 000 jaar oud en is oorspronklik gebruik om ontwerpe op kledingstowwe aan te bring.



Louis Steyn het in die Krugerwildtuin opgegroeï waar sy vader 'n wildbewaarder was. Daar het hy in noue kontak met die natuur en die dierelewe geleef. Ook poste wat hy in sy latere lewe beklee het, het hom in kontak met die natuur gehou - eers by die visnavorsingstasie by Marble Hall en later in hulle hoofkantoor in die Afdeling Natuurbewaring van die Transvaalse Provinsiale Administrasie.

Hy put sy inspirasie uit die natuur en veral uit die voël- en dierelewe en laat patryse en slange, sebras, koedoes, miervreterers en talle ander diersoorte dekoratief in ryk kleure op sy doeke leef.

Hy het reeds dertig eenmanuitstallings in die Republiek gehou, asook een in New York en gou bekendheid verwerf met sy uitstekende ontwerpe, kleuraanwending en deeglike tegniek. Agt-entertig van sy werke is sedert Augustus 1967 tot Augustus 1968 op 'n reisende tentoonstelling deur Kanada vertoon. Die tentoonstelling was deur die kunstgalerie van die Memorial University in Newfoundland georganiseer. Van sy werke is in privaatversamelings in Amerika, Europa, Japan, Suid-Afrika en Kanada. By die Rockefeller Centre in New York hang 'n paneel *Voëls van Suid-Afrika* wat deur hom gemaak is terwyl daar ook 'n paneel in die kantore van die Suid-Afrikaanse Toeristekorporasie in New York is.

Onlangs het mnr. Steyn ses dierepanele van 9' 6" × 4' vir die Transvaalse Provinsiale Administrasie voltooi. Hierdie panele sal as 'n permanente uitstalling in die provinsiale gebou in Pretoria aangebring word. Sy grootste werk van 9' × 21' hang in die Nuwe Standard Bankgebou in Durban en beeld die dierelewe van Natal uit.

Louis Steyn was een van die eerste kunstenaars wat die dekoratiewe en soms komiese sjarme van insekte, wat in sy werke natuurlik baie vergroot word,



ingesien en as ontwerpe vir batiks gebruik het. Uit sy diere- en voëlstudies straal ook dikwels 'n tikkie simpatieke humor want vir Louis Steyn is die diere van die natuur wesens met 'n besondere karakter waarvan hy die verskillende fasette in sy werke weergee.